

argief


BUITENGEWONE

OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA.

OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY
OF SOUTH WEST AFRICA.



UITGAWE OP GESAG.

PUBLISHED BY AUTHORITY.

10c Vrydag, 28 Junie 1963.

WINDHOEK Friday, 28th June 1963.

No. 2487

INHOUD

CONTENTS

Bladsy/Page

GOEWERMENSKENNISGEWING—

GOVERNMENT NOTICE—

No. 99 Ordonnansies 1963: Uitvaardiging van . . .

Ordinances, 1963: Promulgation of . . .

816

Goewermentskennisgewing.

Government Notice.

Die volgende Goewermentskennisgewing word vir algemene inligting gepubliseer.

The following Government Notice is published for general information.

C. F. MARAIS,
Sekretaris van Suidwes-Afrika.

C. F. MARAIS,
Secretary for South West Africa.

Kantoor van die Administrateur,
Windhoek.

Administrator's Office,
Windhoek.

No. 99.] [28 Junie 1963.

No. 99.] [28th June, 1963.

ORDONNANSIES, 1963: UITVAARDIGING VAN

ORDINANCES, 1963: PROMULGATION OF

Dit het die Administrateur behaag om sy goedkeuring te heg, ooreenkomstig artikel *twee-en-dertig* van „De Zuidwest-Afrika Konstitutie Wet 1925” (Wet 42 van 1925), aan die volgende Ordonnansies wat hiermee vir algemene inligting gepubliseer word, ooreenkomstig artikel *vier-en-dertig* van gemelde Wet:—

The Administrator has been pleased to assent, in terms of section *thirty-two* of the South West Africa Constitution Act, 1925 (Act 42 of 1925), to the following Ordinances which are hereby published for general information in terms of section *thirty-four* of the said Act:—

No.	Titel
No. 11	Ordonnansie op Dorpe en Grondverdeling, 1963
No. 12	Ordonnansie op Vliegvelde, 1963

Title	Bladsy/Page
Townships and Division of Land Ordinance, 1963	816
Aerodrome Ordinance, 1963	833

No. 11 van 1963.]

No. 11 of 1963.]

ORDONNANSIE

ORDINANCE

Om die wette op die stigting van dorpe saam te vat en te wysig en om voorsiening te maak vir die reëling en beheer van die ontwikkeling en onderverdeling van grond en verbandhoudende sake.

To consolidate and amend the laws relating to the establishment of townships and to provide for the regulation and control of the development and subdivision of land and for matters incidental thereto.

(Goedgekeur 27 Junie 1963.)

(Assented to 27th June, 1963.)

(Engelse teks deur die Administrateur geteken.)

(English text signed by the Administrator.)

Die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika VERORDEN:—

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa as follows:—

1. In hierdie ordonnansie tensy die sinsverband anders aandui, beteken —

1. In this Ordinance unless the context otherwise indicates —

- (i) „goedgekeurde dorp” ’n dorp waarvan die naam in die eerste bylae verskyn of ’n dorp wat ingevolge die bepalinge van die Dorpe-ordonnansie 1928 (Ordonnansie 11 van 1928) of van hierdie ordonnansie tot goedgekeurde dorp geproklameer is;

- (i) “approved township” means a township whose name appears in the First Schedule or a township proclaimed an approved township under the provisions of the Townships Ordinance, 1928 (Ordinance 11 of 1928) or this Ordinance;

- (ii) „raad” die Dorperaad ingestel ingevolge artikel twee;
- (iii) „kaart” ’n dokument met meetkundige, numeriese en woordelike voorstellings van ’n stuk grond, lyn, kenmerk of gebied wat die grondslag is van ’n saaklike reg, wat onderteken is deur iemand wat ingevolge ’n danmalige wet as landmeter erken word, of wat goedgekeur of gesertifiseer is deur die Landmeter-generaal of ander beaampte kragtens ’n wet gemagtig om ’n kaart aldus goed te keur of te sertifiseer, en ook ’n kaart of afdruk daarvan wat in die kantoor van die Landmeter-generaal opgestel is en soos voormeld goedgekeur of gesertifiseer is, of ’n dokument wat te eniger tyd voor die inwerkingtreding van hierdie ordonnansie in die Aktekantoor of die kantoor van die Landmeter-generaal as ’n kaart aanvaar is;
- (iv) „erf” elke stuk grond in ’n goedgekeurde dorp;
- (v) „algemene plan” ’n plan wat die betreklike liggings en groottes van twee of meer stukke grond aangee en wat onderteken is deur iemand wat ingevolge ’n danmalige wet as landmeter erken word en wat as ’n algemene plan goedgekeur of gesertifiseer is deur die Landmeter-generaal of ander beaampte kragtens ’n wet gemagtig om ’n algemene plan aldus goed te keur of te sertifiseer, en ook ’n algemene plan of afdruk daarvan wat in die kantoor van die Landmeter-generaal opgestel is en soos voormeld goedgekeur of gesertifiseer is, of ’n algemene plan wat te eniger tyd voor die inwerkingtreding van hierdie ordonnansie in die Aktekantoor of die kantoor van die Landmeter-generaal of in enige *Grundbuchamt* of *Vermessungsamt* in die Gebied vir registrasie aanvaar is;
- (vi) „plaaslike bestuur” ’n munisipale raad of ’n dorpsbestuur;
- (vii) „openbare plek” ook enige straat, pad, deurgang, sanitêre deurloop, plein of ander oop ruimte wat as sodanig aangedui word op die algemene plan van ’n goedgekeurde dorp op lias in die Aktekantoor of die kantoor van die Landmeter-generaal of aangedui word op ’n kaart wat die Landmeter-generaal goedgekeur het en wat in die Aktekantoor vir registrasie aanvaar is of waarop die eienaars van erwe in ’n goedgekeurde dorp ’n gemeenskaplike reg verkry het of te eniger tyd kan verkry;
- (viii) „voorgeskryf” voorgeskryf by of ingevolge hierdie ordonnansie of ’n regulasie;
- (ix) „regulasie” ’n regulasie ingevolge hierdie ordonnansie afgekondig;
- (x) „onderverdeel” om te verdeel by wyse van ’n opmeting vir die registrasie van eiendomsbewys of van ’n opmeting vir die registrasie van ’n huurkontrak; en het „onderverdeling” ’n ooreenstemmende betekenis;
- (xi) „hierdie ordonnansie” ook enige regulasies;
- (xii) „dorpsgrond” alle grond geleë binne die regsgebied van ’n plaaslike bestuur, maar sluit dit nie ’n goedgekeurde dorp in nie;
- (xiii) „dorp” —
 (a) ’n goedgekeurde dorp; of
 (b) enige uitbreiding van so ’n dorp; of
 (c) enige grondgebied geregistreer as een of meer stukke grond of aangrensend of baie naby aan mekaar wat in terreine vir woon-, sake-, nywerheids-, bou-, okkupasie- of soortgelyke doeleindes of vir stedelike nedersetting aangelê of verdeel word of daarvoor bestem is op so ’n wyse dat hulle deur openbare plekke gesny of verbind word of daaraan grens;
- (xiv) „dorpeienaar” in die geval van ’n goedgekeurde dorp of in die geval van ’n dorp om die stigting waarvan aansoek gedoen is, die persoon wat in enige aktekantoor geregistreer is as die eienaar van die grond wat in so ’n dorp ingesluit word of gaan word en ook die dorpsitelopvolger van so ’n persoon.
- (ii) “Board” means the Townships Board constituted under section two;
- (iii) “diagram” means a document containing geometrical, numerical and verbal representations of a piece of land, line, feature or area forming the basis of a real right, which has been signed by a person recognised, under any law then in force, as a land surveyor, or which has been approved or certified by the Surveyor-General or other officer empowered under any law so to approve or certify a diagram and includes a diagram or copy thereof prepared in the Surveyor-General’s office and approved or certified as aforesaid or a document which has at any time, prior to the commencement of this Ordinance, been accepted as a diagram in the Deeds Registry or the Surveyor-General’s office;
- (iv) “erf” means every piece of land in an approved township;
- (v) “general plan” means a plan which, representing the relative positions and dimensions of two or more pieces of land, has been signed by a person recognised, under any law then in force, as land surveyor, and which has been approved or certified as a general plan by the Surveyor-General or other officer empowered under any law so to approve or certify a general plan, and includes a general plan or copy thereof prepared in the Surveyor-General’s office and approved or certified as aforesaid or a general plan which has at any time, prior to the commencement of this Ordinance, been accepted for registration in the Deeds Registry or the Surveyor-General’s office or in any *Grundbuchamt* or *Vermessungsamt* in the Territory;
- (vi) “local authority” means a municipal council or a village management board;
- (vii) “public place” includes any street, road, thoroughfare, sanitary passage, square, or other open space which is shown as such on the general plan of an approved township, as filed in the Deeds Registry or the Surveyor-General’s office or as shown on any diagram approved by the Surveyor-General and accepted for registration in the Deeds Registry or to which the owners of erven in an approved township have acquired or at any time may acquire a common right;
- (viii) “prescribed” means prescribed by or under this Ordinance or any regulation;
- (ix) “regulation” means any regulation made under this Ordinance;
- (x) “subdivide” means to divide by means of a survey for registration of title or of a survey for registration of a lease; and
 “subdivision” has a corresponding meaning;
- (xi) “this Ordinance” includes any regulations;
- (xii) “townlands” means all land situate within the area of jurisdiction of a local authority but shall not include an approved township;
- (xiii) “township” means —
 (a) an approved township; or
 (b) any extension of any such township; or
 (c) any area of land registered as one or more pieces of land either contiguous or in close proximity to each other which is being or is intended to be laid out or divided into sites for residential, business, industrial, building, occupational or similar purposes or for urban settlement arranged in such a manner as to be intersected or connected by or to abut on public places;
- (xiv) “township owner” means in the case of any approved township or in the case of a township for the establishment of which application has been made, the person registered in any deeds registry as the owner of the land included or to be included in such township and includes the successor in township title of such person.

2. (1) Daar word ’n raad ingestel wat die Dorperaad heet en wat bestaan uit die Landmeter-generaal (wat die voorsitter is), die Registrateur van Aktes, iemand wat

2. (1) There shall be constituted a board to be styled the “Townships Board” which shall consist of the Surveyor-General, (who shall be chairman), the Registrar

deur die Administrateur aangestel word, belas met die plig om die sienswyses van plaaslike besture en die belange van die inwoners van munisipaliteite en dorpsbestuursgebiede onder die raad se aandag te bring en sodanige lid of lede van die staatsdiens wat die Administrateur aanstel.

(2) By afwesigheid van die Landmeter-generaal moet 'n beampte wat wettig in sy afwesigheid namens hom optree, voorsit by enige vergadering van die raad en as sowel die Landmeter-generaal as sodanige beampte van so 'n vergadering afwesig is, kies die aanwesige lede van die raad een uit hul geledere om vir die doel van daardie vergadering voorsitter te wees.

(3) Die Administrateur kan aan die lid van die raad wat nie 'n lid van die staatsdiens is nie, toelaes tot reis- en verblyf-koste gee teen tariewe wat die Administrateur bepaal.

3. (1) Dit is die raad se plig om die volgende aangeleenthede vir sover hulle van toepassing is in oorweging te neem by die ondersoek van en verslag oor 'n aansoek om verlof om 'n dorp te stig, wat om verslag na hom verwys word:—

- (a) die behoefte aan of die wenslikheid van die stigting van 'n dorp in die buurt;
- (b) of die grond geskik is wat betref die grootte, ligging, watervoorraad, aansig, kontoer, uitbreiding, grondgesteldheid en die terreingesteldheid andersins en die toeganklikheid;
- (c) die bestaan van serwitute of beswaringe wat die stigting van die voorgestelde dorp kan raak;
- (d) die voorstelle en bepalinge in die aansoek vervat en die voorwaardes waarop, na die oordeel van die raad, die aansoek toegestaan behoort te word;
- (e) die grootte van die dorpsgrond en die getal, grootte en ligging van die erwe en terreine wat gereserveer moet word vir die Administrasie of vir openbare of plaaslike bestuursdoeleindes of in die algemene belang van die inwoners;
- (f) die voorgestelde aanlegplan en die naam van die dorp;
- (g) die toewysing van wyke of sones waarin die gebruik van erwe tot sekere doeleindes beperk word en die volgorde waarin hulle verkoop kan word;
- (h) die maksimum getal huise wat op elke erf gebou mag word en die maksimum oppervlakte van elke erf wat bebou mag word;
- (i) die vrye toekenning (indien enige) wat moet geskied ten gunste van 'n huidige of 'n toekomstige plaaslike bestuur;
- (j) enige ander aangeleenthede wat na die oordeel van die raad onder die aandag van die Administrateur gebring behoort te word.

(2) Bo en behalwe verslagdoening oor enige aansoek wat na hom verwys word vervul die raad sodanige ander pligte soos hierdie ordonnansie of die Administrateur voorskryf en bring hy verslag uit oor enige ander sake wat die Administrateur na hom verwys.

4. Behoudens die bepalinge van artikel *sewen-entertig* word geen dorp na die inwerkingtreding van hierdie ordonnansie anders as ooreenkomstig die bepalinge van hierdie ordonnansie gestig nie.

5. (1) Waar 'n grondeienaar van plan is om 'n dorp op sy grond te stig, moet hy skriftelik by die Administrateur om verlof daartoe aansoek doen in sodanige vorm en vergesel van sodanige inligting en dokumente soos voorgeskryf word.

(2) Terwyl 'n aansoek onder oorweging is, is dit die aansoeker veroorloof om dit te wysig ten opsigte van enige saak of voorstel daarin vervat.

(3) As die grond waarop 'n dorp na voorneme gestig gaan word, onder verband staan, moet die verbandskuld-eiser se toestemming tot die aansoek sodanige aansoek vergesel.

(4) Die aansoeker moet by die Administrateur die geldbedrag stort wat na die Administrateur se raming toereikend is om die raad se onkoste te bestry en daarby ook nog 'n onderneming indien om enige verdere onkoste wat hy ingevolge hierdie artikel aan die raad verskuldig kan raak, te betaal.

of Deeds, a person to be appointed by the Administrator who shall be charged with the duty of bringing to the notice of the Board the views of local authorities and the interests of the inhabitants of municipalities and village management board areas and such member or members of the public service as the Administrator may appoint.

(2) Should the Surveyor-General be absent, an officer lawfully acting for him in his absence shall preside at any meeting of the Board and in the event of both the Surveyor-General and such officer being absent from any such meeting, the members of the Board present shall elect one of such members to be chairman for the purpose of that meeting.

(3) The Administrator may grant to the member of the Board who is not a member of the public service, allowances towards expenses of transport and subsistence at rates to be fixed by the Administrator.

3. (1) It shall be the duty of the Board to consider the following matters in so far as applicable when enquiring and reporting on an application for permission to establish a township referred to it for report:—

- (a) The need for or desirability of establishing a township in the neighbourhood;
- (b) whether the land is suitable in respect of area, position, water supply, aspect, contour, extension, soil and other physical features and accessibility;
- (c) the existence of servitudes or encumbrances which may affect the establishment of the proposed township;
- (d) the proposals and stipulations contained in the application and the conditions on which in the opinion of the Board the application should be granted;
- (e) the extent of the townlands and the number, size and position of any erven and sites to be reserved for the Administration or for any public or local authority purposes or in the general interest of the inhabitants;
- (f) the proposed design and name of the township;
- (g) the allocation of districts or zones limiting the use to which the erven may be put and the order in which they may be sold;
- (h) the maximum number of houses which may be built upon each erf and the maximum area of each erf which may be built upon;
- (i) the endowment, if any, which should be made for a local authority or future local authority;
- (j) any other matters to which, in the opinion of the Board, the attention of the Administrator should be drawn.

(2) In addition to reporting on any application referred to it, the Board shall perform such other duties as may be prescribed by this Ordinance or by the Administrator and shall report on such other matters as may be referred to it by the Administrator.

4. Save as provided in section *thirty-seven*, no township shall be established after the commencement of this Ordinance otherwise than in accordance with the provisions of this Ordinance.

5. (1) The owner of land who proposes to establish a township thereon shall make application for permission to do so in writing to the Administrator, in such form and accompanied by such information and documents as may be prescribed.

(2) Whilst an application is under consideration it shall be competent for the applicant to amend it in regard to any matter or proposal therein contained.

(3) If the land on which it is proposed to establish a township is subject to a mortgage bond the consent of the mortgagee to the application shall be submitted therewith.

(4) The applicant shall deposit with the Administrator such a sum of money as the Administrator estimates to be sufficient to cover the expenses of the Board and an undertaking therewith to defray any balance of expenses which may become due by him in terms of this section.

(5) (a) By ontvangs van die aansoek verwys die Administrateur dit na die raad ter oorweging en verslagdoening en daarop publiseer die raad onverwyld 'n kennisgewing een keer in die *Offisiële Koerant* en een keer in sodanige nuusblad soos die raad goevind, dat so 'n aansoek geskied het en by die kantoor van die Landmeter-generaal ter insae lê.

(b) Die dag waarop die raad die terrein van die voorgestelde dorp gaan inspekteer en die dag waarop, en die plek waar, die raad getuienis gaan verhoor in verband met die aansoek word in sodanige kennisgewing vermeld.

(6) Elkeen wat beswaar het teen die toestaan van die aansoek of wat daarvoor verhoor wil word, kan skriftelik met die raad in verbinding tree of kan persoonlik getuienis voor die raad aflê op die plek en datum waarop die ondersoek plaasvind: Met dien verstande dat sodanige skriftelike mededeling soos voormeld minstens drie volle dae voor die datum van die ondersoek die raad moet bereik.

(7) By die oorweging van die aansoek en enige besware wat daarteen ingebring is, kan die raad van die aansoeker of die beswaarmaker, na gelang, sodanige nadere besonderhede, inligting, planne en kaarte soos hy goevind, vereis.

(8) Alle onkoste in verband met die publikasie van kennisgewings, die raad se inspeksiebesoek en ondersoek of vergaderings van die raad in verband met die aansoek en die stigting van 'n dorp insluitende die reis- of ander toelaes betaalbaar aan lede of personeel van die raad word bestry deur die aansoeker, ongeag of sodanige aansoek toegestaan word of nie.

(9) (a) Gelde soos voorgeskryf moet betaal word ten opsigte van elke aansoek om verlof tot stigting van 'n dorp en sodanige gelde moet sodanige aansoek vergesel.

(b) Die Administrateur stort sodanige gelde in die Gebied se Inkomstefonds.

6. (1) Na oorweging van die aansoek om verlof tot stigting van 'n dorp beveel die raad by die Administrateur aan dat —

- (a) die aansoek toegestaan word onderhewig aan die voorwaardes wat die raad nodig vind;
- (b) die aansoek afgewys word; of
- (c) 'n beslissing oor die aansoek òf in sy geheel òf ten opsigte van 'n sekere deel daarvan uitgestel word vir 'n tydperk wat die raad goevind.

(2) Na oorweging van die aanbevelings van die raad kan die Administrateur die aansoek toestaan, afwys of uitstel maar hy staan nie sonder oorleg met die raad 'n aansoek toe as die afwysing daarvan deur die raad aanbeveel is nie.

(3) As die Administrateur 'n aansoek toestaan, het hy die reg om die voorwaardes wat hy goevind op te lê ten opsigte van —

- (a) die wyse waarop, en die doel waarvoor, die betrokke grond benut of geokkupeer kan word;
- (b) die getal, aard, beslaanoppervlakte, hoogte en ligging van geboue of strukture wat op sodanige grond opgerig kan word;
- (c) die verskaffing van openbare plekke en die oordrag daarvan aan 'n plaaslike bestuur;
- (d) die reservering van erwe vir die Administrasie of vir doeleindes van 'n plaaslike bestuur;
- (e) die groep of klas persone wat toegelaat kan word om die betrokke grond te besit of te okkupeer;
- (f) die minimum bouwaarde van geboue of strukture wat op die betrokke grond opgerig gaan word;
- (g) die afleiding van vloedwater en die vloeiing van vloedwaterlope op koste van die eienaar van sodanige grond;
- (h) staanplekverskaffing vir motorvoertuie deur die eienaar van sodanige grond;
- (i) die bou op koste van die eienaar van sodanige grond van keermure om te verhoed dat enige deel van sodanige grond in die straat val of omgekeerd;
- (j) die bou op koste van die eienaar van sodanige grond van paaie of strate om toegang daartoe te verleen waar daar geen toegang bestaan nie of waar die toegang onbevredigend is;

(5) (a) The Administrator shall upon receipt thereof refer the application to the Board for consideration and report and the Board shall forthwith publish once in the *Official Gazette* and once in such newspaper or newspapers as it may think fit, a notice that such application has been made and is open to inspection at the office of the Surveyor-General.

(b) In such notice the day on which the Board will inspect the site of the proposed township and the day on which and the place at which it will hear evidence in connection with the application, shall be stated.

(6) Any person who objects to the granting of the application or who desires to be heard in the matter may communicate in writing with the Board, or may give personal evidence before the Board at the place and on the date on which the enquiry takes place: Provided that such communication aforesaid shall be in the hands of the Board not less than three full days prior to the date of enquiry.

(7) In the consideration of the application and any objections thereto which have been lodged, the Board may require the applicant or the objector, as the case may be, to furnish it with such further particulars, information, plans and diagrams as it deems fit.

(8) All expenses connected with publication of notices, the Boards visit of inspection and enquiry or meetings of the Board in connection with the application and establishment of a township, including the travelling or other allowances payable to members or staff of the Board, shall be borne by the person making the application, whether such application be granted or not.

(9) (a) A fee as prescribed, shall be paid in respect of every application for permission to establish a township and such fee shall accompany such application.

(b) The Administrator shall pay such fees into the Territory Revenue Fund.

6. (1) After consideration of the application for permission to establish a township the Board shall recommend to the Administrator —

- (a) that the application be granted subject to such conditions as it deems necessary;
- (b) that the application be refused; or
- (c) that a decision on the application either in its entirety or in respect of a certain portion of it be postponed for such period as the Board deems fit.

(2) The Administrator, after considering the recommendations of the Board, may grant, refuse or postpone the application, but he shall not grant an application the refusal of which has been recommended by the Board without consultation with the Board.

(3) The Administrator shall, if he grants the application, have the right to impose such conditions as he may deem fit in regard to —

- (a) the manner, or purpose for which, the land concerned may be used or occupied;
- (b) the number, nature, coverage, height and situation of buildings or structures which may be erected on such land;
- (c) the provision of, and transfer to a local authority of public places;
- (d) the reservation of erven for the Administration or for local authority purposes;
- (e) the group or class of persons which may be permitted to own or occupy the land concerned;
- (f) the minimum building value of any buildings or structures to be erected on the land concerned;
- (g) the deviation and flow of stormwater courses at the cost of the owner of such land;
- (h) the provision by the owner of such land for the parking of motor vehicles;
- (i) the construction at the cost of the owner of such land of retaining walls to prevent any portion of such land falling into the street or *vice versa*;
- (j) the construction at the cost of the owner of such land, of roads or streets to give access where no access exists or is unsatisfactory;

- (k) die vrye toekenning, indien enige, wat aan 'n plaaslike bestuur of die Administrateur in trust vir 'n toekomstige plaaslike bestuur betaal moet word;
- (l) enige ander aangeleentheid of saak wat hy na goed-dunke wenslik of nodig ag in die belang van die gesondheid, welsyn of gerief van die publiek:

Met dien verstande dat die Administrateur nie sonder oorleg met die raad die voorwaardes aanbeveel deur die raad wysig nóg verdere voorwaardes oplê nie: Met dien verstande voorts dat as die voorgestelde dorp geleë is binne 'n gebied waarop 'n skema goedgekeur ingevolge die Dorpsbeplanningsordonnansie 1954 (Ordonnansie 18 van 1954) van toepassing is, die raad geen voorwaardes wat indruis teen enige van die bepalings van daardie skema aanbeveel nie en die Administrateur geen sodanige voorwaardes oplê nie.

(4) Nieteenstaande andersluidende bepalings in hierdie artikel kan die Administrateur, tussen die datum van die toekenning van die bedoelde aansoek en dié van die proklamering van die bedoelde dorp tot goedgekeurde dorp ingevolge hierdie ordonnansie, met die toestemming van die eienaar van die betrokke grond, enige van die voorwaardes waarop die bedoelde aansoek toegestaan is, verander of wysig of verdere voorwaardes by sodanige voorwaardes voeg: Met dien verstande dat die Administrateur, voordat hy enige sodanige verandering, wysiging of byvoeging maak, oorleg met die raad pleeg: Met dien verstande voorts dat enige sodanige verandering, wysiging of byvoeging nie mag indruis teen enige van die bepalings van 'n skema waaroor die verdere voorbehoudsbepaling by subartikel (3) gaan nie.

(5) Die Administrateur kan, nadat 'n dorp 'n goedgekeurde dorp geword het, met die toestemming van die eienaar van enige erf wat daarin geleë is, die voorwaardes ten gunste van die Administrateur wat ingevolge hierdie ordonnansie of 'n ander wet ten opsigte van sodanige erf opgelê is, varieer of deur die verandering, wysiging of skraping van enige sodanige voorwaardes of deur die byvoeging van verdere voorwaardes by sodanige voorwaardes: Met dien verstande dat —

- (a) die Administrateur, voordat hy enige voorgestelde wysiging aanbring, kan vereis dat sodanige openbare kennisgewing soos hy nodig ag daarvan moet geskied;
- (b) die Administrateur met die raad oorleg pleeg voordat hy enige sodanige verandering, wysiging, skraping of byvoeging aanbring;
- (c) as sodanige erf geleë is binne 'n gebied waarop 'n skema goedgekeur ingevolge die Dorpsbeplanningsordonnansie 1954 (Ordonnansie 18 van 1954) van toepassing is, die Administrateur geen sodanige verandering, wysiging, skraping of byvoeging wat teen enige van die bepalings van daardie skema indruis, aanbring nie.

7. Die Administrateur staan geen aansoek toe om verlof tot die stigting van 'n dorp op grond wat die aansoeker onder huurkontrak hou nie.

8. (1) Buiten soos by hierdie artikel bepaal, staan die Administrateur geen aansoek toe om verlof tot die stigting van 'n dorp op grond ten opsigte waarvan die handelsregte deur een of meer persone tot uitsluiting van andere gehou word nie.

(2) As 'n aansoek ingevolge die bepalings van hierdie ordonnansie gedoen word om verlof tot die stigting van 'n dorp op grond ten opsigte waarvan die handelsregte deur een of meer persone tot uitsluiting van andere gehou word, en as die Administrateur na oorleg met die raad oortuig is dat dit in die openbare belang is dat 'n dorp op daardie grond gestig moet word en dat die eienaar van sodanige grond en die persoon of persone wat sodanige handelsregte hou nie ooreen kan kom om hulle op redelike voorwaardes aan die eienaar af te staan nie, kan die Administrateur die aansoek om verlof tot die stigting van die dorp toestaan onderhewig aan die intrekking van die bedoelde handelsregte en kan hy die intrekking van al sodanige handelsregte teen betaling van vergoeding deur die eienaar van sodanige grond vir die verlies daarvan skriftelik magtig.

(3) Nadat sodanige skriftelike magtiging deur die Administrateur onderteken is, reik die Sekretaris van

(k) the endowment, if any, which should be paid to a local authority or the Administrator in trust for a future local authority;

- (l) any other matter or thing which he in his discretion may deem necessary or desirable in the interests of the health, welfare or convenience of the public:

Provided that he shall not modify the conditions recommended by the Board nor impose further conditions without consultation with the Board: Provided further, that if the proposed township is situated within an area to which a scheme approved in terms of the Town Planning Ordinance, 1954 (Ordinance 18 of 1954) applies, the Board shall not recommend and the Administrator shall not impose any conditions which are in conflict with any of the provisions of that scheme.

(4) Notwithstanding anything to the contrary in this section contained, the Administrator may, between the date of the granting of the application aforesaid and the proclamation of the township aforesaid to be an approved township in terms of this Ordinance, with the consent of the owner of the land concerned, alter or amend any of the conditions subject to which the said application has been granted or add further conditions to such conditions: Provided that the Administrator shall consult with the Board before making any such alteration, amendment or addition: Provided further, that any such alteration, amendment or addition shall not be in conflict with any of the provisions of a scheme referred to in the further proviso to sub-section (3).

(5) The Administrator may, after a township has become an approved township, with the consent of the owner of any erf represented therein, vary the conditions imposed in favour of the Administrator in terms of this Ordinance or any other law in respect of such erf, either by altering, amending or deleting any such conditions or by adding further conditions to such conditions: Provided that —

- (a) the Administrator may, before making any proposed variation, require such public notification thereof to be given as he may deem necessary;
- (b) the Administrator shall consult with the Board before making any such alteration, amendment, deletion or addition;
- (c) if such erf is situated within an area to which a scheme approved in terms of the Town Planning Ordinance, 1954 (Ordinance 18 of 1954) applies, the Administrator shall not make any such alteration, amendment, deletion or addition which is in conflict with any of the provisions of that scheme.

7. The Administrator shall not grant an application for permission to establish a township on land held under lease by the applicant.

8. (1) Save as in this section is provided, the Administrator shall not grant an application for permission to establish a township on land the trading rights over which are held by one or more persons to the exclusion of others.

(2) If an application is made under the provisions of this Ordinance for permission to establish a township on land the trading rights over which are held by one or more persons to the exclusion of others, and if the Administrator, after consultation with the Board, is satisfied that it is in the public interest that a township should be established on that land and that the owner of such land and the person or persons who hold such trading rights are unable to agree to their surrender to such owner upon reasonable terms, the Administrator may grant the application for permission to establish the township subject to the cancellation of the said trading rights, and may by writing authorize the cancellation of all such trading rights against payment by the owner of such land of compensation for their loss.

(3) Upon such authority in writing being signed by the Administrator, the Secretary for South West Africa

Suidwes-Afrika 'n kennisgewing uit wat getuig van hierdie feit en wat aan die eienaar van die grond en die persoon of persone wat sodanige handelsregte hou, gerig is en aan hulle bestel word. Nadat sodanige kennisgewing aan die eienaar van die grond en enigiemand wat sodanige handelsregte ten opsigte daarvan hou, bestel is, word die kwessie van die bedrag van die vergoeding wat deur die eienaar van die grond aan die houers of houer van sodanige regte vir die verlies van sodanige regte betaal moet word, geag deur hulle ter arbitrasie voorgelê te gewees het, en daarop word die bedrag wat aldus betaal moet word ooreenkomstig die bepalings van die Arbitratieproklamatie 1926 (Proklamasie 3 van 1926) of enige wysiging daarvan vasgestel en alle sodanige bepalings is van toepassing op alle aangeleenthede in verband met die vasstelling van die bedoelde bedrag.

(4) Na betaling van die bedrag of bedrae van vergoeding vasgestel soos in subartikel (3) bepaal deur die eienaar van sodanige grond aan die houers of houer van enige sodanige handelsregte word sodanige handelsregte beskou as ingetrek. As sodanige handelsregte in die Aktekantoor geregistreer of aangeteken is, doen die Registrateur van Aktes, as daar bewys van sodanige betaling aan hom gelewer word, al die nodige inskrywings, kennisgewings of endossemente om sodanige intrekking te boekstaaf.

(5) Alle onkoste in verband met enigiets wat ingevolge hierdie artikel verrig is, word deur die eienaar van die betrokke grond betry.

9. By die toestaan van 'n aansoek om verlof tot die stigting van 'n dorp verwittig die Administrateur die aansoeker, die raad, die Landmeter-generaal, die Registrateur van Aktes en, as die betrokke grond binne die regsgebied van 'n plaaslike bestuur geleë is, die betrokke plaaslike bestuur, en vermeld hy die voorwaardes waarop sodanige aansoek toegestaan is en daarop is die erwe in die dorp ten opsigte waarvan sodanige aansoek toegestaan is onderhewig aan al die voorwaardes wat ten opsigte van sodanige erwe opgelê is.

10. (1) As 'n aansoek om verlof tot die stigting van 'n dorp toegestaan is, moet die betrokke dorpeienaar aan die raad 'n plan voorlê wat die voorgestelde aanleg van die dorp toon en by goedkeuring van sodanige aanlegplan deur die raad moet sodanige eienaar sodanige dorp laat opmeet ooreenkomstig die goedgekeurde aanlegplan.

(2) As dit in die loop van die opmeting waarvoor subartikel (1) gaan, nodig of wenslik bevind word om die goedgekeurde aanlegplan gedeeltelik te wysig, kan die raad sodanige wysiging goedkeur: Met dien verstande dat as die wysiging gering van aard is, die voorsitter van die raad sodanige wysiging kan goedkeur en in so 'n geval moet hy kennis van sodanige wysiging by die volgende vergadering van die raad gee.

11. (1) By voltooiing van die opmeting waarvoor artikel *tien* gaan, moet die dorpeienaar 'n algemene plan van die voorgestelde dorp en 'n kaart van die grond wat by sodanige dorp ingesluit is by die Landmeter-generaal ter goedkeuring indien, en by die goedkeuring van sodanige plan en kaart verwittig die Landmeter-generaal die Administrateur, sodanige eienaar en die Registrateur van Aktes van sodanige goedkeuring.

(2) Versuim sodanige eienaar om die bedoelde algemene plan en kaart binne 'n tydperk van twee jaar na die datum van kennisgewing deur die Administrateur van die toestaan van die aansoek soos bepaal in artikel *nege*, of binne sodanige verlengde tydperk soos die Administrateur of die voorsitter van die raad toelaat, by die Landmeter-generaal in te dien, word die verlof tot die stigting van die betrokke dorp as verval beskou.

12. (1) Binne 'n tydperk van een jaar na die datum van kennisgewing deur die Landmeter-generaal van sy goedkeuring van die algemene plan en kaart bedoel in subartikel (1) van artikel *elf* moet die betrokke dorpeienaar die bedoelde plan en kaart en die titelbewys waarkragtens hy die betrokke grond besit en die kaart daarvan by die Registrateur van Aktes indien vir endossement soos hierna bepaal.

(2) Wanneer al die grond wat kragtens sodanige titelbewys besit word in die voorgestelde dorp opgeneem is, maak die Registrateur van Aktes op elke titelbewys

shall issue a notice certifying the fact and addressed to and served upon the owner of such land and the person or persons who hold such trading rights. Upon such notice being served upon the owner of such land and any person holding such trading rights over it, the question of the amount of compensation to be paid by the owner of such land to the holder or holders of such rights for the loss of such rights shall be deemed to have been submitted by them to arbitration, and thereupon the amount to be so paid shall be determined in accordance with the provisions of the Arbitration Proclamation, 1926 (Proclamation 3 of 1926), or any amendment thereof, and all such provisions shall apply to all matters connected with the determination of the said amount.

(4) Upon payment by the owner of such land to the holder or holders of any such trading rights of the amount or amounts of compensation determined as provided in sub-section (3), such trading rights shall be deemed to be cancelled. If such trading rights are registered or recorded in the Deeds Registry, the Registrar of Deeds shall, if proof is produced to him of such payment, make any entries, notices or endorsements that may be necessary to record such cancellation.

(5) All expenses in connection with anything done under this section shall be borne by the owner of the land concerned.

9. Upon the granting of any application for permission to establish a township, the Administrator shall notify the applicant, the Board, the Surveyor-General, the Registrar of Deeds, and if the land concerned is within the area of jurisdiction of a local authority, the local authority concerned, and shall state the conditions upon which such application has been granted, whereupon the erven in the township in respect of which such application was granted, shall be subject to all such conditions as may have been imposed in respect of such erven.

10. (1) If an application for permission to establish a township has been granted, the township owner concerned shall submit to the Board a plan showing the proposed design of such township and on the approval of such design by the Board such owner shall cause such township to be surveyed in accordance with the approved design.

(2) If in the course of the survey referred to in sub-section (1) it is found that it is necessary or desirable to vary in parts the approved design, it shall be competent for the Board to approve such variation: Provided that if the variation is of a minor nature, such variation may be approved by the Chairman of the Board in which case he shall give notice of such variation at the next meeting of the Board.

11. (1) On the completion of the survey referred to in section *ten*, the township owner shall lodge with the Surveyor-General for approval a general plan of the proposed township and a diagram of the land included in such township and upon the approval of such plan and diagram, the Surveyor-General shall notify such approval to the Administrator, such owner and the Registrar of Deeds.

(2) Should such owner fail to lodge the said general plan and diagram with the Surveyor-General within a period of two years from the date of notification by the Administrator of the granting of the application as provided in section *nine* or within such further period as the Administrator or the Chairman of the Board may allow, the permission to establish the township concerned shall be deemed to have lapsed.

12. (1) Within a period of one year from the date of notification by the Surveyor-General of the approval by him of the general plan and diagram mentioned in sub-section (1) of section *eleven*, the township owner concerned shall lodge with the Registrar of Deeds for endorsement as hereinafter provided, the said plan and diagram and the title deed under which he holds the land concerned with the diagram thereof.

(2) When the whole of the land held under such title is comprised in the proposed township, the Registrar of Deeds shall make upon each title deed and on the

en op die duplikaat-oorspronklike eksemplare daarvan op lias 'n endossement so na doenlik in die vorm wat in die tweede bylae verskyn, wat aandui dat die betrokke grond as dorp aangê is.

(3) Wanneer net 'n deel van die grond wat kragtens sodanige titelbewys besit word in die voorgestelde dorp opgeneem is, reik die Registrateur van Aktes aan die dorpeenaar daarvan 'n dorps-titel-sertifikaat op die aldus opgenome deel onder sy hand en seël uit. Daardie sertifikaat moet sover doenlik in die vorm geskied wat in die derde bylae verskyn en 'n kaart van die bedoelde deel moet daarby aangeheg word.

(4) Voordat die dorps-titel-sertifikaat uitgereik word, skryf die Registrateur van Aktes op die titelbewys waarvoor subartikel (1) gaan die oppervlakte van die deel in die sertifikaat beskryf af en stuur hy die kaart daarvan aan die Landmeter-generaal deur om die nodige aftrekkings te maak. Daarop is bedoelde sertifikaat, en dien dit vir alle doeleindes as, die uitsluitende titelbewys van die deel van die grond wat daarin beskryf word: Met dien verstande dat die Registrateur van Aktes, na die uitreiking van die bedoelde sertifikaat en as die grond wat daarkragtens besit word met 'n verband of enige ander las hoegenaamd beswaar is wat op die voorgelegde titelbewys gemeld word —

- (a) op die verbandakte of dokument wat tot bewys van die las dien 'n endossement moet maak dat 'n dorps-titel-sertifikaat ten opsigte van sodanige grond uitgereik is; en
- (b) van daardie feit in die registers aantekening moet maak; en
- (c) op die sertifikaat moet endosseer dat die grond kragtens bedoelde sertifikaat besit ooreenkomstig hierdie subartikel deur die verbandakte of bedoelde dokument verhipotekeer of andersins beswaar is;

en daarop word die grond wat kragtens bedoelde sertifikaat gehou word beskou as ewe volledig en bindend verhipotekeer of andersins beswaar (na gelang) asof dit oorspronklik deur die verbandakte of ander las verhipotekeer of beswaar was: Met dien verstande voorts dat die skriftelike toestemming van die wetlike houër van die verband of ander las in elke sodanige geval aan die Registrateur voorgelê moet word.

(5) Die Registrateur van Aktes stel 'n register in vir elke goedgekeurde dorp en dit heet hierin die dorpsregister.

(6) Versuim die dorpeenaar om sodanige planne en kaarte en aktes en toestemming in te dien binne die genoemde tydperk van een jaar of binne sodanige verlengde tydperk soos die Administrateur of die voorsitter van die raad toelaat, word die verloop tot stigting van die voorgestelde dorp beskou as verval.

(7) Wanneer die bepalings van hierdie artikel nagekom is, verwittig die Registrateur van Aktes die Administrateur daarvan.

13. By ontvangs van 'n kennisgewing van die Registrateur van Aktes dat die bepalings van artikel *twaaft* nagekom is, verklaar die Administrateur by proklamasie in die *Offisiële Koerant* die gebied voorgestel op die betrokke algemene plan tot goedgekeurde dorp.

14. (1) Wanneer 'n dorp ingevolge die bepalings van hierdie of enige ander ordonnansie tot goedgekeurde dorp verklaar is, berus die eiendomsreg van die grond daarin wat al die openbare plekke omvat *ipso facto* by die plaaslike bestuur in die regsgebied waarvan sodanige grond geleë is of, as sodanige grond nie binne die regsgebied van 'n plaaslike bestuur geleë is nie, by die Administrateur in trust vir enige plaaslike bestuur wat moontlik daarna ingestel word ten opsigte van die gebied waarbinne sodanige grond geleë is.

(2) Die Registrateur van Aktes teken sodanige berusting in die betrokke dorpsregister aan.

(3) Wanneer 'n plaaslike bestuur ingestel word ten opsigte van die gebied waarbinne grond bestaande uit openbare plekke geleë binne 'n dorp wat voor of na die inwerkingtreëding van hierdie ordonnansie gestig is, berus die eiendomsreg op sodanige grond *ipso facto* by sodanige plaaslike bestuur en die Registrateur van Aktes teken sodanige berusting in die betrokke dorpsregister aan.

duplicate originals thereof filed of record an endorsement, as nearly as practicable in the form contained in the Second Schedule, indicating that the land concerned has been laid out as a township.

(3) When a portion only of the land held under such title is comprised in the proposed township the Registrar of Deeds shall under his hand and seal issue to the township owner thereof a certificate of township title to the portion so comprised. That certificate shall as nearly as practicable be in the form contained in the Third Schedule and shall have attached thereto a diagram of the said portion.

(4) Before the certificate of township title is issued, the Registrar of Deeds shall write off upon the title deed referred to in sub-section (1) the area of the portion described in that certificate and shall transmit the diagram thereof to the Surveyor-General for the necessary deductions to be made. Thereupon the said certificate shall, for all purposes be and serve as the sole title deed of the portion of land therein described: Provided that, upon the issue of the said certificate, the Registrar of Deeds shall, if the land held thereunder is subject to a mortgage bond or any encumbrance whatsoever disclosed on the title deed produced —

- (a) endorse upon the bond or document evidencing the encumbrance the statement that a certificate of township title has been issued in respect of such land; and
- (b) make an entry of that fact in the registers; and
- (c) endorse upon the said certificate that in accordance with this sub-section the land held under the said certificate is hypothecated or otherwise encumbered by the bond or document aforesaid;

and thereupon the land held under the said certificate shall be deemed to be hypothecated or otherwise encumbered (as the case may be) as fully and effectually as if it has been originally hypothecated or encumbered by the bond or other encumbrance: Provided further that, in every such case the written consent of the legal holder of the bond or other encumbrance is produced to the Registrar.

(5) The Registrar of Deeds shall open a register for every approved township (herein called the township register).

(6) Should the township owner fail to lodge such plans and diagrams and deeds and consent within the said period of one year or within such further period as the Administrator or the Chairman of the Board may allow, the permission to establish the proposed township shall be deemed to have lapsed.

(7) When the provisions of this section have been complied with, the Registrar of Deeds shall notify the Administrator of the fact.

13. Upon the receipt of a notification from the Registrar of Deeds that the provisions of section *twelve* have been complied with, the Administrator shall by proclamation in the *Official Gazette* declare the area represented by the general plan concerned to be an approved township.

14. (1) When a township has been proclaimed an approved township, under the provisions of this or any other Ordinance, the *dominium* of the land therein comprising all public places shall *ipso facto* vest in the local authority within whose area of jurisdiction such land is situated, or if such land is not situated within the area of jurisdiction of a local authority, in the Administrator in trust for any local authority which may thereafter be constituted in respect of the area within which such land is situated.

(2) The Registrar of Deeds shall record such vesting in the township register concerned.

(3) When a local authority is constituted in respect of the area within which any land comprising any public places within a township established before or after the commencement of this Ordinance, is situated, the *dominium* of such land shall *ipso facto* vest in such local authority, and the Registrar of Deeds shall record such vesting in the township register concerned.

15. (1) Geen oordrag van enige grond of erf in enige dorp gestig na die inwerkingtreding van hierdie ordonnansie word in die Aktekantoor geregistreer nie —

(a) tensy en totdat die betrokke dorpeienaar die grond of erwe wat vir die Administrasie en die grond of erwe, buiten openbare plekke, wat vir enige openbare doeleindes buiten dié genoem in paragraaf (b) hiervan, gereserveer is, aan die Administrateur oorgedra het; en

(b) tensy en totdat sodanige eienaar aan die plaaslike bestuur binne die regsgebied waarvan sodanige dorp geleë is, of, as die dorp nie binne die regsgebied van 'n plaaslike bestuur geleë is nie, aan die Administrateur in trust vir 'n plaaslike bestuur wat moontlik daarna ingestel word ten opsigte van die gebied wat sodanige dorp of deel daarvan beslaan, die grond wat vir dorpsgrond gereserveer is, die grond of erwe wat vir die doeleindes van plaaslike bestuur gereserveer is en die grond of erwe wat gereserveer is vir vrye toekenning aan so 'n plaaslike bestuur, oorgedra het.

(2) Wanneer die dorpeienaar van 'n dorp waarvoor daar nie 'n plaaslike bestuur ingestel is nie, ongeag of sodanige dorp voor of na die inwerkingtreding van hierdie ordonnansie gestig is, grond binne daardie dorp geleë wil oordra aan die Administrateur in trust vir 'n plaaslike bestuur wat moontlik daarna ingestel word ten opsigte van die gebied beslaan deur daardie dorp of 'n deel daarvan, kan die Administrateur die oordrag van sodanige grond aanvaar in trust vir 'n plaaslike bestuur wat daarna aldus ingestel kan word.

(3) By die instelling van 'n plaaslike bestuur waarvoor die Administrateur grond ingevolge die bepalings van hierdie artikel in trust hou, dra die Administrateur al sodanige grond aan sodanige plaaslike bestuur oor. Die Registrateur van Aktes voer sodanige oordrag vry van regte en kantoorgelde uit.

(4) Die Administrateur kan magtig dat grond wat hy ingevolge die bepalings van hierdie artikel in trust hou vir 'n toekomstige plaaslike bestuur wat nog ingestel moet word, gebruik word deur enige openbare liggaam wat vir die dorp of deel van die dorp waarin daardie grond geleë is ingestel word of dat dit aangewend word vir die gebruik en voordeel van die inwoners van die dorp op die wyse en voorwaardes wat hy goedvind.

16. Geen oordrag van 'n erf in 'n dorp buiten 'n dorp waarvan die naam in die lys in die eerste bylae verskyn mag in die Aktekantoor geregistreer word nie tensy en tot die dorp ingevolge hierdie of 'n ander ordonnansie tot goedgekeurde dorp geproklameer is.

17. Geen oordrag van enige erf in 'n dorp gestig ingevolge die bepalings van die Dorpen Proklamasie 1920 (Proklamasie 68 van 1920) of ingevolge die bepalings van hierdie of enige ander ordonnansie word in die Aktekantoor geregistreer nie tensy die voorwaardes goedgekeur deur die Administrateur vir invoeging by die titelbewyse van erwe in sodanige dorp daarin opgeneem is, en geen oordrag van enige erf in 'n dorp gestig voor die inwerkingtreding van die genoemde proklamasie word in die Aktekantoor geregistreer nie tensy die voorwaardes waarop die Administrateur, die Goewerneur of enige regeringsbeampte sy toestemming tot die stigting van daardie dorp gegee het en wat deur die betrokke dorpeienaar aanvaar is, in die titelbewys van sodanige erf opgeneem is, ongeag of die Administrateur, die Goewerneur of sodanige beampte ingevolge die wet van krag op die datum van die stigting van sodanige dorp gesag gehad het om sodanige voorwaardes op te lê of nie.

18. Die eienaar van die grond waarop 'n dorp ingevolge hierdie ordonnansie of enige ander wet gestig is, of sy titelopvolgers ten opsigte daarvan, mag geen reg op enige erf in sodanige dorp verleen nie buiten volstreekte eiendomsreg of 'n huurkontrak vir 'n tydperk van hoogstens vyf jaar sonder die reg van hernuwing: Met dien verstande dat die bepalings van hierdie artikel nie beskou mag word as sou hulle die bevoegdheid van die Administrasie of van enige plaaslike bestuur om grond in sodanige dorp vir 'n tydperk van langer as vyf jaar te verhuur of

15. (1) No transfer of any land or erf in any township established after the commencement of this Ordinance, shall be registered in the Deeds Registry —

(a) unless and until the township owner concerned has transferred to the Administrator such land or erven as have been reserved for the Administration and such land or erven, other than public places, as have been reserved for any public purpose other than those referred to in paragraph (b) hereof; and

(b) unless and until such owner has transferred to the local authority within whose area of jurisdiction such township is situated, or, if such township is not situated within the area of jurisdiction of any local authority, to the Administrator in trust for any local authority which may thereafter be constituted in respect of the area comprised in such township or any portion thereof, such land as has been reserved for townlands, such land or erven as have been reserved for local authority purposes, and such land or erven as have been reserved for the endowment of any such local authority.

(2) Whenever the township owner of any township for which no local authority has been constituted, whether such township was established before or after the commencement of this Ordinance, desires to transfer to the Administrator, in trust for any local authority which may thereafter be constituted in respect of the area comprised in that township or any portion thereof, any land situate within that township, it shall be lawful for the Administrator to accept transfer of such land in trust for any local authority which may thereafter be so constituted.

(3) The Administrator shall upon the constitution of any local authority for which he holds any land in trust under the provisions of this section, transfer all such land to such local authority. The Registrar of Deeds shall effect such transfer free of duty and fees of office.

(4) The Administrator may authorize any land, which is held by him under the provisions of this section in trust for a future local authority to be constituted, to be used by any public body established for the township or for the portion of the township in which that land is situate, or to be devoted to the use and benefit of the inhabitants of the township in such manner and subject to such conditions as he deems fit.

16. No transfer of any erf in a township other than a township whose name appears in the list contained in the First Schedule shall be registered in the Deeds Registry unless and until that township has been proclaimed an approved township in terms of this or any other ordinance.

17. No transfer of any erf in a township established under the provisions of the Townships Proclamation, 1920 (Proclamation 68 of 1920), or under the provisions of this or any other ordinance shall be registered in the Deeds Registry unless the conditions approved by the Administrator for insertion in the title deeds of erven in such township are embodied therein and no transfer of any erf in a township established prior to the commencement of the said Proclamation shall be registered in the Deeds Registry unless there are embodied in the title deeds of such erf the conditions upon which the Administrator, the Governor or any government official granted his approval for the establishment of that township and which were accepted by the township owner concerned, whether or not under the law in force at the date of the establishment of such township the Administrator, the Governor or such official had authority to impose such conditions.

18. The owner of the land upon which a township has been established under this Ordinance or any other law or his successors in title thereto, shall not grant a title to any erf in such township other than a freehold title or a lease for a period not exceeding five years without the right of renewal: Provided that the provisions of this section shall not be deemed to limit or otherwise affect the powers of the Administration or of any local

om op enige ander wyse daarvoor te beskik, inkort of andersins aantas nie.

19. (1) Behoudens die bepalings van subartikel (14) word geen kaart wat 'n onderverdeling van 'n erf of stuk grond geleë in 'n goedgekeurde dorp of van 'n stuk grond geleë binne die dorpsgrond van 'n goedgekeurde dorp voorstel deur die Landmeter-generaal goedgekeur nie, tensy die Administrateur se verlot verkry is.

(2) As die eienaar van so 'n erf of sodanige grond dit wil onderverdeel, moet hy aansoek by die Administrateur doen om verlot daartoe.

(3) 'n Aansoek om verlot tot onderverdeling van enige sodanige erf of grond moet tesame met die kommentaar van die plaaslike bestuur (as daar een is) binne die regsgebied waarvan sodanige erf of grond geleë is, na die raad verwys word, en na oorweging van die aansoek stuur die raad sy aanbevelings aan die Administrateur en kan die raad, as hy die goedkeuring van sodanige aansoek aanbeveel, ook aanbeveel dat voorwaardes ten opsigte van enige aangeleentheid waarvoor subartikel (3) van artikel ses gaan, opgelê word.

(4) As die Administrateur sy toestemming soos voormeld verleen, kan hy die voorwaardes wat hy goedvind ten opsigte van enige aangeleentheid waarvoor subartikel (3) van artikel ses gaan ten opsigte van die voorgestelde onderverdeling en restant oplê: Met dien verstande dat as sodanige erf of grond geleë is binne 'n gebied waarop 'n skema goedgekeur ingevolge die Dorpsbeplanningsordonnansie 1954 (Ordonnansie 18 van 1954) van toepassing is, die raad geen voorwaardes aanbeveel ingevolge subartikel (3) van hierdie artikel en die Administrateur geen voorwaardes oplê wat indruis teen die bepalings van daardie skema nie.

(5) (a) Wanneer 'n aansoek om verlot tot onderverdeling van 'n erf of stuk grond geleë in 'n goedgekeurde dorp of 'n stuk grond geleë binne die dorpsgrond van 'n goedgekeurde dorp soos voormeld toegestaan word en die eienaar van sodanige erf of grond enige deel van sodanige verdeelde erf of grond (hierna heet dit „deel” in hierdie artikel) vervreem, hetsy deur verkoop, ruil, skenking of op enige ander wyse, of vir 'n tydperk van tien jaar of langer verhuur, moet die bedoelde eienaar daardie persentasie van die waarde van die deel wat die Administrateur moontlik op aanbeveling van die raad bepaal nadat die raad die betrokke plaaslike bestuur geraadpleeg het as vrye toekenning betaal aan die plaaslike bestuur binne die regsgebied waarvan die deel geleë is: Met dien verstande dat die bedoelde eienaar geen sodanige vrye toekenning betaal op 'n deel wat hy aldus aan die Administrateur van verhuur nie: Met dien verstande voorts dat as sodanige deel nie binne die regsgebied van 'n plaaslike bestuur geleë is nie so 'n vrye toekenning aan die Administrateur in trust vir 'n toekomstige plaaslike bestuur betaal moet word.

(b) 'n Vrye toekenning wat ingevolge hierdie subartikel betaal word, word deur die plaaslike bestuur of die Administrateur, na gelang, gebruik om verbeteringswerke te finansier en uit te voer of om geriewe (insluitende pleine en oop ruimtes) in die openbare belang aan te skaf.

(c) Vrye toekennings word bereken as 'n persentasie van die waarde van so 'n deel ten tyde van sodanige vervreemding of verhuur.

(d) Ter vasstelling van die bedrag van die vrye toekenning word die waarde van 'n deel (met uitsluiting van die waarde van geboue of permanente verbeterings daarop) soos volg bepaal:—

- (i) as daar 'n koopprys is, word so 'n koopprys behoudens die bepalings van subparagrafe (ii), (iii) en (iv) hiervan as die waarde van daardie deel beskou;
- (ii) as die plaaslike bestuur of die Administrateur na gelang, meen dat die koopprys nie die werklike waarde van die deel verteenwoordig nie, kan 'n waardering van die deel verkry word van 'n beëdigde taksateur aangestel deur die plaaslike bestuur of deur die Administrateur, na gelang;
- (iii) as die waarde wat die beëdigde taksateur aan die deel heg, die koopprys met vyftien persent of meer

authority to lease land in such township for a period exceeding five years or dispose of it in any other manner.

19. (1) Subject to the provisions of sub-section (14), no diagram representing a subdivision of any erf or piece of land situated in an approved township or of any piece of land situated within the townlands of any approved township shall be approved by the Surveyor-General unless the Administrator's permission has been obtained.

(2) If the owner of any such erf or land wishes to subdivide it, he shall apply to the Administrator for permission to do so.

(3) An application for permission to subdivide any such erf or land shall, together with the comments of the local authority (if any) within whose area of jurisdiction such erf or land is situated, be referred to the Board and the Board shall, after having considered the application, forward its recommendations to the Administrator and may, if it recommends that such application be granted, recommend that conditions in regard to any matter mentioned in sub-section (3) of section six be imposed.

(4) The Administrator shall, if he grants his permission, as aforesaid, have the right to impose such conditions in regard to any matter mentioned in sub-section (3) of section six against the proposed subdivision and remainder as he may deem fit: Provided that if such erf or land is situated within an area to which a scheme approved in terms of the Town Planning Ordinance, 1954 (Ordinance 18 of 1954) applies, the Board shall not recommend in terms of sub-section (3) of this section and the Administrator shall not impose any conditions which are in conflict with any of the provisions of that scheme.

(5) (a) Whenever any application for permission to subdivide any erf or piece of land situated in an approved township, or any piece of land situated within the townlands of any approved township is granted as aforesaid and the owner of such erf or land disposes of any portion of such divided erf or land (hereinafter in this section called the "portion"), whether by sale, exchange, gift or in any other manner, or is leased by him for a period of ten years or more, the said owner shall pay as an endowment to the local authority within whose area of jurisdiction the portion falls, such percentage of the value of the portion as may be fixed by the Administrator on the recommendation of the Board after the Board has consulted the local authority concerned: Provided that such endowment shall not be paid by the said owner on any portion so disposed of or leased by such owner to the Administration or to the local authority concerned: Provided further that when such portion does not fall within the area of jurisdiction of a local authority such endowment shall be paid to the Administrator in trust for any future local authority.

(b) Any endowment paid in terms of this sub-section shall be used by the local authority, or the Administrator, as the case may be, to finance and carry out betterment works or for acquiring amenities (including squares and open places) in the public interest.

(c) Endowments shall be calculated as a percentage of the value of such portion at the time of such disposal or lease.

(d) For the purposes of endowment, the value of any portion, exclusive of the value of any buildings or permanent improvements thereon, shall be determined as follows:—

- (i) if there be a purchase price, such purchase price shall, subject to the provisions of sub-paragraphs (ii), (iii) and (iv) hereof be deemed to be the value of such portion;
- (ii) if the local authority or the Administrator, as the case may be, is of opinion that the purchase price does not reflect the true value of the portion, a valuation of the portion may be obtained from a sworn appraiser appointed by the local authority or the Administrator, as the case may be;
- (iii) if the value placed on the portion by such sworn appraiser is higher by fifteen percent or more than

oortref, word sodanige waarde as die waarde van die deel beskou en hierdie waardebeplanning is dan afdoende en die eienaar moet die koste van die waardering betaal;

- (iv) as die waarde wat die beëdigde taksateur aan die deel heg minder as vyftien persent hoër as die koopprys is, word die koopprys as die waarde van die deel beskou, en moet die plaaslike bestuur of die Administrateur, na gelang, die koste van die waardering betaal;
- (v) as daar geen koopprys is nie, verklaar die eienaar die waarde van sodanige deel asof dit die koopprys was, en daarop geld die bepalings van subparagrafe (ii), (iii) en (iv) hiervan, na gelang;
- (vi) as twee of meer dele tesame aan een persoon verveem word, het die plaaslike bestuur of die Administrateur, na gelang en behoudens die bepalings van subparagrafe (ii), (iii), (iv) en (v) hiervan, die reg om 'n waardering ten opsigte van elke deel afsonderlik van 'n beëdigde taksateur te verkry ten einde vas te stel wat die waarde van elke deel is;
- (vii) as enige deel vir 'n tydperk van tien jaar of langer verhuur word, geld die bepalings van subparagraaf (v) hiervan.

(e) Bedrae wat as vrye toekenning aan die Administrateur betaal word in trust vir 'n toekomstige plaaslike bestuur word deur die Administrateur in trust gehou en sodra moontlik na die instelling van die plaaslike bestuur betaal hy die ontvangte bedrag sonder rente en min moontlike bedrae wat hy ingevolge paragraaf (b) hiervan uitgegee het aan sodanige plaaslike bestuur.

(6) Die Registrateur van Aktes registreer geen oordrag van 'n deel wat onderhewig is aan 'n voorwaarde van 'n vrye toekenning bedoel in subartikel (5) nie, tensy die aansoek om sodanige registrasie vergesel gaan van 'n kwitansie of sertifikaat van die betrokke plaaslike bestuur of deur of namens die Administrateur, na gelang, as bewys dat die vrye toekenning op die deel betaal is.

(7) As die Administrateur die aansoek bedoel in subartikel (5) toestaan, reik hy aan die aansoeker 'n sertifikaat uit dat hy die aansoek toegestaan het waarin hy die voorwaardes wat hy ingevolge subartikel (4) opgelê het, uiteensit, en sodanige sertifikaat moet aan die Registrateur van Aktes voorgelê word wanneer die betrokke deel se registrasie in die Aktekantoor verlang word.

(8) Nieteenstaande andersluidende bepalings in die Registrasie van Aktes Proklamasie 1939 (Proklamasie 37 van 1939) kan voorwaardes wat die Administrateur ingevolge subartikel (4) oplê of in die toepaslike titelbewys ingevoeg word of deur middel van 'n notariële akte geregistreer word en die Registrateur van Aktes endosseer op die titelbewys van grond wat 'n transportgewer behou insluitende títelsertifikate uitgeneem deur die betrokke eienaar, elke sodanige voorwaarde betreffende die grond wat aldus behou word.

(9) Die aansoeker dra alle onkoste in verband met 'n aansoek ingevolge hierdie artikel en die Administrateur kan gelas dat hy 'n geldbedrag wat na die Administrateur se raming toereikend is om sodanige onkoste te bestry by hom stort.

(10) As daar weens die onderverdeling ingevolge hierdie artikel nuwe openbare plekke geskep word, berus die eiendomsreg op die grond wat sodanige nuwe openbare plekke uitmaak *ipso facto* by die plaaslike bestuur binne die regsgebied waarvan die grond geleë is of, as die grond nie binne die regsgebied van 'n plaaslike bestuur geleë is nie, by die Administrateur in trust vir 'n plaaslike bestuur wat moontlik daarna ten opsigte van die gebied waarbinne sodanige grond geleë is, ingestel word. Die bepalings van subartikels (2) en (3) van artikel *veertien* en die bepalings van artikel *vyf-en-twintig* geld *mutatis mutandis* alle sodanige grond.

(11) Geen voorwaardes wat die Administrateur ingevolge subartikel (4) stel, mag sonder die toestemming van die Administrateur in oorleg met die raad gewysig, verander of geskrap word nie: Met dien verstande dat enige sodanige wysiging, verandering of skraping nie mag indruis teen enige bepaling van 'n skema waarvoor die voorbehoudsbepaling by daardie subartikel gaan nie.

the purchase price, such value shall be deemed to be the value of the portion and shall be final, and the owner shall pay the costs of obtaining the valuation;

- (iv) if the value placed on the portion by such sworn appraiser is less than fifteen percent higher than the purchase price, the purchase price shall be deemed to be the value of the portion and the local authority or the Administrator, as the case may be, shall pay the costs of obtaining the valuation;
- (v) if there be no purchase price, the value of such portion shall be declared by the owner as if it were the purchase price and thereafter the provisions of sub-paragraphs (ii), (iii) and (iv) hereof shall, as the case may be, apply;
- (vi) where two or more portions are disposed of together to one person, the local authority or the Administrator, as the case may be, shall for the purposes of determining the value of each portion, have the right to obtain a valuation by a sworn appraiser in respect of each portion separately, subject to the provisions of sub-paragraphs (ii), (iii), (iv) and (v) hereof;
- (vii) if any portion is leased for a period of ten years or more, the provisions of sub-paragraph (v) hereof shall apply.

(e) Any moneys paid by way of endowment to the Administrator in trust for a future local authority shall be held in trust by the Administrator who shall, as soon as possible after the constitution of the local authority, pay to such local authority the amount received without interest less any amounts expended by him under paragraph (b) hereof.

(6) The Registrar of Deeds shall not register the transfer of any portion which is subject to a condition of endowment referred to in sub-section (5), unless the application for such registration is accompanied by a receipt or certificate from the local authority concerned or by or on behalf of the Administrator, as the case may be, as proof that the endowment on the portion has been paid.

(7) If the Administrator grants the application referred to in sub-section (5), he shall give to the applicant a certificate that he has granted such application and setting forth the conditions imposed by him in terms of sub-section (4) and such certificate shall be produced to the Registrar of Deeds when the portion concerned is sought to be registered in the Deeds Registry.

(8) Notwithstanding anything to the contrary contained in the Deeds Registry Proclamation, 1939 (Proclamation 37 of 1939), any conditions imposed by the Administrator in terms of sub-section (4) may either be inserted in the relevant title deed or registered by means of a notarial deed, and the Registrar of Deeds shall endorse on the title deeds of any land retained by the transferor, including certificates of title taken out by the owner concerned, every such condition which relates to the land so retained.

(9) All expenses in connection with an application under this section shall be borne by the applicant, who may be required by the Administrator to deposit with him such a sum of money as he estimates to be sufficient to cover such expenses.

(10) If, by any subdivision in terms of this section, new public places are created, the dominium of the land comprising such public places shall *ipso facto* vest in the local authority within whose area of jurisdiction such land is situated, or if such land is not situated within the area of jurisdiction of a local authority, in the Administrator in trust for any local authority which may thereafter be constituted in respect of the area within which such land is situated. The provisions of sub-sections (2) and (3) of section *fourteen* and the provisions of section *twenty-five* shall, *mutatis mutandis*, apply to all such land.

(11) No conditions imposed by the Administrator in terms of sub-section (4) shall be amended, altered or deleted without the consent of the Administrator in consultation with the Board: Provided that any such amendment, alteration or deletion shall not be in conflict with any of the provisions of a scheme referred to in the proviso to that sub-section.

(12) (a) Ten opsigte van elke aansoek bedoel in subartikel (5) moet 'n voorgeskrewe geld betaal word en sodanige geld moet die aansoek vergesel.

(b) Die Administrateur stort sodanige gelde in die Gebied se Inkomstefonds.

(13) Enige verlot tot onderverdeling wat ingevolge hierdie artikel gegee word, geld vir 'n tydperk van hoogstens twee jaar en versuim die betrokke aansoeker om die toepaslike kaart binne 'n tydperk van twee jaar na die datum van kennisgewing deur die Administrateur van die toestaan van die aansoek ingevolge subartikel (7) of binne sodanige verlengde tydperk soos die Administrateur of die voorsitter van die raad toelaat by die Landmeter-generaal in te dien, word die verlot tot onderverdeling beskou as verval.

(14) Die bepalinge van hierdie artikel geld nie vir die onderverdeling van 'n erf of stuk grond geleë in 'n goedgekeurde dorp vir enige ander doel as die skepping van 'n deurgang of deurweg wat 'n nuwe front of toegang tot sodanige onderverdeling verskaf nie as sodanige dorp geleë is binne die regsgebied van 'n plaaslike bestuur wat ingevolge die bepalinge van 'n skema goedgekeurde kragtens die Dorpsbeplanningsordonnansie 1954 (Ordonnansie 18 van 1954) gemagtig is om beheer uit te oefen oor die onderverdeling van grond.

20. (1) Geen kaart wat 'n onderverdeling van grond geleë buite 'n goedgekeurde dorp of buite die dorpsgrond van so 'n dorp voorstel waar of die onderverdeling of die restant aldus geskep kleiner is as vyf-en-twintig hektaar word deur die Landmeter-generaal goedgekeur nie, tensy sodanige onderverdeling deur die Administrateur goedgekeur is.

(2) Die eienaar van sodanige grond wat dit wil onderverdeel soos beoog in subartikel (1) moet by die Administrateur om verlot daartoe aansoek doen.

(3) Die aansoek moet vergesel gaan van 'n plan waarop aangetoon word hoe die onderverdeling van sodanige grond na voorneme gaan geskied en van enige ander inligting wat die Administrateur of die raad vereis.

(4) Die Administrateur verwys die aansoek na die raad ter verslagdoening.

(5) Na oorweging en na sodanige ondersoek of inspeksie soos hy nodig vind, doen die Raad verslag by die Administrateur oor die aansoek of oor enige aangeleentheid in verband daarmee wat hy nodig of wenslik ag om onder die Administrateur se aandag te bring.

(6) As die Administrateur sy verlot toestaan, kan hy sodanige voorwaardes soos hy goedvind ten opsigte van enige aangeleentheid waaroor subartikel (3) van artikel ses gaan ten opsigte van die onderverdeling of die restant oplê.

(7) Geen voorwaardes wat die Administrateur ingevolge subartikel (6) opgelê het, mag sonder die toestemming van die Administrateur na oorleg met die raad gewysig, verander of geskrap word nie.

(8) 'n Voorgeskrewe geld moet ten opsigte van elke aansoek om die onderverdeling van grond bedoel in subartikel (1) betaal word en sodanige geld moet sodanige aansoek vergesel en word deur die Administrateur in die Gebied se Inkomstefonds gestort.

(9) Die bepalinge van subartikels (7), (8) en (13) van artikel negentien is *mutatis mutandis* van toepassing op enige verlot ingevolge hierdie artikel verleen.

21. Die bepalinge van artikel twintig is *mutatis mutandis* van toepassing ten opsigte van die onderverdeling van enige grond geleë binne die dorpsgrond van 'n goedgekeurde dorp wat nie 'n erf in sodanige dorp is nie: Met dien verstande dat die raad voorsien moet word van die kommentaar van die plaaslike bestuur (as daar een is) binne die regsgebied waarvan sodanige grond geleë is voordat die raad se verslag aan die Administrateur deurgestuurd word.

22. (1) As die Administrateur na oorleg met die raad meen dat die stappe wat gedoen is of beoog word deur die eienaar of huurder van grond in verband met die oprigting van 'n gebou of geboue, buiten vir *bona fide* boederybedrywighede, die kern van 'n dorp uitmaak of waarskynlik sal uitmaak, kan hy niteenstaande die bepalinge van enige ander wet sodanige eienaar of huurder

(12) (a) A fee as prescribed shall be paid in respect of every application referred to in sub-section (5) and such fee shall accompany such application.

(b) The Administrator shall pay such fees into the Territory Revenue Fund.

(13) Any permission to subdivide, given in terms of this section, shall be valid for a period of not more than two years, and should the applicant concerned fail to lodge the relevant diagram with the Surveyor-General within a period of two years from the date of notification by the Administrator of the granting of the application in terms of sub-section (7) or within such further period as the Administrator or the Chairman of the Board may allow, the permission to subdivide shall be deemed to have lapsed.

(14) The provisions of this section shall not apply to the subdivision of any erf or piece of land situated in an approved township for any purpose other than creating a right of way or thoroughfare providing a new frontage or means of access to such subdivision, if such township falls within the area of jurisdiction of a local authority which is empowered to exercise control over the subdivision of land in terms of the provisions of a scheme approved in terms of the Town Planning Ordinance, 1954 (Ordinance 18 of 1954).

20. (1) No diagram representing a subdivision of any land situate outside an approved township or outside the townlands of any such township, where either the subdivision or the remainder so created is less than twenty-five hectares in extent, shall be approved by the Surveyor-General unless such subdivision has been approved of by the Administrator.

(2) The owner of such land who wishes to subdivide it, as contemplated in subsection (1), shall apply to the Administrator for permission to do so.

(3) The application shall be accompanied by a plan showing how it is proposed to subdivide such land and any other information which the Administrator or the Board requires.

(4) The Administrator shall refer the application to the Board for its report.

(5) After consideration and after such enquiry or inspection as it considers necessary, the Board shall report to the Administrator on the application or on any matter connected therewith which it may deem necessary or desirable to bring to his notice.

(6) The Administrator shall, if he grants his permission, have the right to impose such conditions in regard to any matter mentioned in sub-section (3) of section six against the subdivision or the remainder, as he may deem fit.

(7) No conditions imposed by the Administrator, in terms of sub-section (6), shall be amended, altered or deleted without the consent of the Administrator in consultation with the Board.

(8) A fee as prescribed shall be paid in respect of every application for the subdivision of any land referred to in sub-section (1), and such fee shall accompany such application, which shall be paid by the Administrator into the Territory Revenue Fund.

(9) The provisions of sub-sections (7), (8) and (13) of section nineteen, shall *mutatis mutandis* apply to any permission given in terms of this section.

21. The provisions of section twenty shall apply *mutatis mutandis* in respect of the subdivision of any land situated within the townlands of any approved township not being an erf in such township: Provided that the Board shall be furnished with the comments of the local authority (if any) within whose area of jurisdiction such land is situated before its report is forwarded to the Administrator.

22. (1) If the Administrator, after consultation with the Board, is of the opinion that the steps taken or proposed to be taken by the owner or lessee of land in the erection of any building or buildings, other than for *bona fide* farming operations, form or are likely to form the nucleus of a township, he may, notwithstanding the provisions of any other law, by writing under his hand,

skriftelik onder sy hand verbied om enige sodanige gebou of geboue op sodanige grond op te rig.

(2) Elke sodanige eienaar of huurder wat 'n gebou of geboue in weerwil van sodanige verbod oprig of laat oprig, is skuldig aan 'n misdryf en is by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens vierhonderd rand of, by wanbetaling, met gevangenisstraf met of sonder dwangarbeid vir 'n tydperk van hoogstens ses maande.

(3) Elke eienaar of huurder van grond waarop 'n verbod bedoel in subartikel (1) opgelê is, wat 'n gebou op sodanige grond wil oprig, moet aansoek by die Administrateur doen om verlof daartoe en die Administrateur verwys so 'n aansoek na die raad ter oorweging. Na oorweging en na sodanige ondersoek of inspeksie soos die raad nodig vind, doen die raad by die Administrateur verslag oor die aansoek of oor enige aangeleentheid in verband daarmee wat hy nodig ag om onder die Administrateur se aandag te bring, en die Administrateur kan sodanige aansoek toestaan of afwys en sy beslissing is afdoende.

23. Die naam van 'n goedgekeurde dorp kan op aansoek van die plaaslike bestuur binne die regsgebied waarvan dit geleë is of, as daar geen sodanige bestuur is nie, van die dorpeienaar op die datum van die proklamerings van daardie dorp verander word: Met dien verstande dat die verandering onderhewig is aan die goedkeuring van die Administrateur en aan die voorwaardes wat die Administrateur na oorleg met die raad kan opleë.

24. (1) Behoudens die bepalinge van subartikel (3) kan enige eienaar bedoel in daardie subartikel te eniger tyd by die Administrateur aansoek doen om die deproklamerings van 'n dorp of deel van 'n dorp en elke sodanige aansoek moet op skrif geskied en vergesel gaan van die inligting wat die Administrateur vereis.

(2) Die aansoeker moet by die Administrateur 'n geldbedrag stort wat na die Administrateur se raming toereikend is om die uitgawes van die raad te bestry en moet daarby onderneem om enige onkostebalans wat deur hom ingevolge hierdie artikel verskuldig word, te bestry.

(3) Die aansoek word nie oorweeg nie tensy die aansoeker die eienaar is van al die erwe en grond, buiten openbare plekke of erwe of grond bedoel in subartikel (1) van artikel vyftien, binne sodanige dorp of dié deel van sodanige dorp wat hy wil laat deproklameer, en tensy die skriftelike toestemming van die wetlike houer van elke geregistreerde verbandakte wat enige erf of grond binne sodanige dorp of deel van sodanige dorp verhipotekeer, by die aansoek aangeheg is.

(4) By ontvangs van die aansoek verwys die Administrateur dit na die raad en daarop publiseer die raad onverwyld 'n kennisgewing in die *Offisiële Koerant* en in sodanige nuusblad of nuusblaai wat in die betrokke gebied omloop soos hy goevind, dat sodanige aansoek gedoen is en waarin elkeen wat 'n beswaar het teen die voorgestelde deproklamerings gevra word om sodanige beswaar binne 'n tydperk wat in sodanige kennisgewing vermeld moet word maar wat tot minstens twee maande van die datum van die laaste publikasie daarvan moet strek, skriftelik by die raad in te dien. Die raad bestel ook 'n eksemplaar van sodanige kennisgewing aan die plaaslike bestuur (as daar een is) binne die regsgebied waarvan die gebied waaroor die aansoek gaan, geleë is.

(5) Na oorweging van al die ingediende besware (as daar is) en na sodanige ondersoek insluitende die aanhoor van getuienis soos hy goevind, beveel die raad by die Administrateur aan dat —

- (a) die aansoek toegestaan word onderhewig aan die voorwaardes wat die raad nodig ag;
- (b) 'n deel van die gebied wat die aansoeker gedeproklameer wil hê, aldus gedeproklameer word;
- (c) die aansoek afgewys word;
- (d) 'n beslissing oor die aansoek of in sy geheel of ten opsigte van 'n bepaalde deel daarvan uitgestel word vir sodanige tydperk soos die raad goevind.

(6) Na oorweging van die aanbevelings van die raad kan die Administrateur die aansoek toestaan, afwys of uitstel en as hy dit toestaan ten opsigte van die hele gebied wat die aansoeker gedeproklameer wil hê of ten

prohibit such owner or lessee from erecting any such building or buildings on such land.

(2) Any such owner or lessee who erects or causes to be erected any building or buildings in defiance of such prohibition, shall be guilty of an offence and shall be liable on conviction to a fine not exceeding four hundred rand or in default of payment, imprisonment with or without hard labour, for a period not exceeding six months.

(3) Any owner or lessee of land upon whom a prohibition referred to in sub-section (1) has been imposed who wishes to erect a building on such land, shall apply to the Administrator for permission to do so and the Administrator shall refer such application to the Board for consideration. After consideration and after such inquiry or inspection as it considers necessary, the Board shall report to the Administrator on the application or on any matter connected therewith as it may deem necessary to bring to his notice, and the Administrator may grant or refuse such application and his decision shall be final.

23. The name of an approved township may, on the application of the local authority within whose area of jurisdiction it is situated or, if there be no such authority, of the township owner at the date of the proclamation of that township, be changed: Provided that the alteration shall be subject to the approval of the Administrator and to such conditions as the Administrator after consultation with the Board, may impose.

24. (1) Subject to the provisions of sub-section (3), any owner referred to in that sub-section may at any time apply to the Administrator for the deproclamation of any township or portion of a township and every such application shall be in writing and shall be accompanied by such information as the Administrator requires.

(2) The applicant shall deposit with the Administrator such a sum of money as the Administrator estimates to be sufficient to cover the expenses of the Board and an undertaking therewith to defray any balance of expenses which may become due by him under this section.

(3) The application shall not be considered unless the applicant is the owner of all the erven and land, other than public places or erven or land referred to in sub-section (1) of section fifteen, within such township or the portion of such township which he desires to have deproclaimed, and unless there is attached to the application the written consent of the legal holder of every registered mortgage bond hypothecating any erf or land within such township or the portion of such township.

(4) The Administrator shall upon receipt thereof refer the application to the Board and the Board shall forthwith publish in the *Official Gazette* and in such newspaper or newspapers circulating in the area concerned as it may deem fit, a notice that such application has been made, and calling upon all persons having any objection to the proposed deproclamation to lodge such objections in writing with the Board within a time to be stated in such notice, not being less than two months from the date of the last publication thereof. The Board shall also serve a copy of such notice upon the local authority (if any) within whose area of jurisdiction the area which is the subject of the application, is situated.

(5) The Board shall, after considering all objections (if any) lodged, and after making such investigation, including the hearing of evidence, as it thinks proper, recommend to the Administrator —

- (a) that the application be granted subject to such conditions as it deems necessary;
- (b) that a portion of the area which the applicant desires to have deproclaimed be so deproclaimed;
- (c) that the application be refused;
- (d) that a decision on the application either in its entirety or in respect of a certain portion of it, be postponed for such period as the Board deems fit.

(6) The Administrator after considering the recommendations of the Board, may grant, refuse or postpone the application, and if he grants it in respect of the whole of the area which the applicant desires to have depro-

opsigte van 'n deel van sodanige gebied, kan hy die voorwaardes oplê wat hy goedvind: Met dien verstande dat die Administrateur nie 'n aansoek om die deproklamerings van 'n dorp of deel van 'n dorp toestaan nie tensy hy oortuig is dat so 'n deproklamerings nie teen die openbare belang indruis nie.

(7) As die Administrateur die aansoek ten opsigte van die hele of 'n deel van die gebied wat die aansoeker gedeproklameer wil hê, toestaan, verklaar hy, by oortuiging dat die voorwaardes wat hy ingevolge hierdie artikel opgelê het, nagekom is vir sover hulle voor deproklamerings nagekom kan word, by proklamasie in die *Offisiële Koerant* dat die dorp of deel van die dorp nie meer 'n dorp is nie of nie meer deel van 'n dorp uitmaak nie. Daarop is die aldus gedeproklameerde gebied nie meer 'n dorp of maak dit nie meer deel van 'n dorp uit nie.

(8) Alle onkoste in verband met die publikasie van kennisgewings, besoeke, ondersoeke en vergaderings van die raad betreffende die aansoek, insluitende die reis- of ander toelae betaalbaar aan lede of personeel van die raad word gedra deur die persoon wat die aansoek doen ongeag of die aansoek toegestaan word of nie.

25. (1) Wanneer 'n dorp of 'n deel van 'n dorp ingevolge die bepalings van artikel *vier-en-twintig* gedeproklameer word, gaan die eiendomsreg op die grond wat al die openbare plekke geleë in die dorp of sodanige deel van 'n dorp beslaan, *ipso facto* terug na die persoon op wie se aansoek die deproklamerings plaasgevind het en al die grond en erwe wat ingevolge artikel *elf* van die Dorpen Proklamasie 1920 (Proklamasie 68 van 1920) of artikel *agtien* van die Dorpe-Ordonnansie 1928 (Ordonnansie 11 van 1928) of artikel *vyftien* van hierdie ordonnansie oorgedra is aan 'n plaaslike bestuur of aan die Administrateur in trust vir 'n plaaslike bestuur wat ingestel gaan word, wat nog op die naam van so 'n plaaslike bestuur of op die naam van die Administrateur in trust vir so 'n plaaslike bestuur, na gelang, geregistreer is, moet oorgedra word aan die persoon op wie se aansoek die deproklamerings plaasgevind het: Met dien verstande dat sodanige herberusting of oordrag onderhewig is aan die voorwaardes wat die Administrateur stel: Met dien verstande voorts dat die koste van en in verband met sodanige herberusting en oordrag deur sodanige aansoeker betaal moet word.

(2) Die Registrateur van Aktes registreer sodanige herberusting en bring die nodige aantekeninge en endosemente ooreenkomstig die wet op die registrasie van aktes op die toepaslike titelbewyse aan.

26. (1) Wanneer 'n dorp of 'n deel van 'n dorp ingevolge die bepalings van artikel *vier-en-twintig* gedeproklameer word, roeier die Landmeter-generaal die algemene plan of die toepaslike deel van die algemene plan op lias in die Aktekantoor of in die Landmeter-generaal se kantoor.

(2) 'n Algemene plan van 'n goedgekeurde dorp op lias in die Aktekantoor of die Landmeter-generaal se kantoor kan deur die Landmeter-generaal gewysig word ten einde foute in die opmeting aan te suiwer.

(3) Op aansoek deur 'n dorpeenaar of die betrokke plaaslike bestuur (as daar een is) kan die Administrateur die wysiging van 'n algemene plan van 'n goedgekeurde dorp magtig: Met dien verstande dat die prosedure wat in hierdie ordonnansie voorgeskryf word in verband met die toestaan van 'n aansoek om verlof tot stigting van 'n dorp in so 'n geval in elke opsig nagekom moet word tensy die raad by die Administrateur aanbeveel dat, met die oog op die onbelangrike aard van die voorgestelde wysiging, daar van die nakoming van sodanige bedoelde prosedure afgesien word, en dan kan die Administrateur die wysiging magtig sonder dat die bedoelde prosedure nagekom word: Met dien verstande voorts dat waar so 'n wysiging 'n openbare plek binne die regsgebied van 'n plaaslike bestuur wat by wet gemagtig is om enige openbare plek geheel of gedeeltelik te sluit, betref, die Administrateur die Landmeter-generaal verwittig voordat so 'n wysiging aangebring word, dat die wetsbepalings op die permanente sluiting van 'n openbare plek of deel daarvan nagekom is.

claimed, or in respect of a portion of such area, he may impose such conditions as he thinks fit: Provided that the Administrator shall not grant an application for the deproclamation of any township or portion of any township unless he is satisfied that such deproclamation is not against the interest of the public.

(7) If the Administrator grants the application in respect of the whole or a portion of the area which the applicant desires to have deproclaimed, he shall, upon being satisfied that the conditions imposed by him in terms of this section have been fulfilled, in so far as they are capable of being fulfilled before deproclamation, by proclamation in the *Official Gazette* declare the township or portion of the township no longer to be a township or no longer to form portion of a township. Thereupon the area so deproclaimed shall cease to be a township or to form portion of a township.

(8) All expenses connected with publication of notices, visits, enquiries and meetings of the Board in connection with the application, including the travelling or other allowances payable to members or staff of the Board, shall be borne by the person making the application, whether such application be granted or not.

25. (1) Whenever any township or any portion of any township is deproclaimed under the provisions of section *twenty-four*, the *dominium* of the land comprising all public places situated within such township or such portion of a township shall *ipso facto* re-vest in the person on whose application such deproclamation took place, and all land and erven which, in terms of section *eleven* of the Townships Proclamation, 1920 (Proclamation 68 of 1920) or section *eighteen* of the Townships Ordinance, 1928 (Ordinance 11 of 1928), or section *fifteen* of this Ordinance, have been transferred to a local authority or to the Administrator in trust for a local authority to be constituted, and which are still registered in the name of such local authority or in the name of the Administrator in trust for such local authority, as the case may be, shall be transferred to the person on whose application such deproclamation took place: Provided that such re-vesting or transfer shall be subject to such conditions as the Administrator may impose: Provided further, that the costs of and in connection with such re-vesting and transfer shall be paid by such applicant.

(2) The Registrar of Deeds shall record such re-vesting and shall make the necessary notes and endorsements on the relevant title deeds, in accordance with the law relating to the registration of deeds.

26. (1) Whenever a township or a portion of a township is deproclaimed under the provisions of section *twenty-four* the general plan or the relevant portion of the general plan filed in the Deeds Registry or the Surveyor-General's office shall be cancelled by the Surveyor-General.

(2) Any general plan of an approved township filed in the Deeds Registry or the Surveyor-General's office may be amended by the Surveyor-General for the purpose of rectifying errors in survey.

